

# Waar kom dit vandaan?



**Lees die onderstaande teks. Die woorde in donker swart is uit inheemse Afrika-tale of ander geleen.**

Kurt en sy gesin berei vir hulle gaste 'n groot maaltyd met 'n verskeidenheid tipes Suid-Afrikaanse disse voor, eerder as om hulle na 'n **restaurant** te neem.
Hulle kuier onder die groot **maroela**boom by die **tambotie**houttafel. Kurt se ma het **katjiepierings** op die tafel gesit sodat dit lekker ruik.
Vir 'n voorgereg het hulle **tjokka** wat Kurt se pa op **sosatie**stokkies geryg het. Hulle hoofgereg is 'n keuse tussen **bredie** en **bobotie**, voorgesit met **kaboe**mielies. Jos gooi sy kos vol **blatjang**!
Na ete **baljaar** die kinders op die grasperk. Hulle hardloop deur **dongas** en **abba** mekaar. Kurt sê waarskuwend dat hulle op die uitkyk moet wees vir reptiele soos **geitjies**, maar ook **mamba**s! Dié slang is 'n regte **swernoot** en vreet beslis nie **gogga**s nie!

**Voltooi die tabel deur na bogenoemde woorde te kyk en ook van die HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*) gebruik te maak.**

| Woord | Definisie | Taal van oorsprong |
|---|---|---|
| maroela | | Sotho |
| | Ingemaakte kruiesous van o.a. asyn, vrugte en rissies om saam met vleis of vis te eet. | Maleis |
| mamba | | Zoeloe |
| restaurant | | Frans |
| | Groot bladwisselende boom wat mooi donkerbruin hout lewer. | Zoeloe |
| | Inkvis met tien vangarms wat as aas gebruik word en ook eetbaar is. | Portugees |
| | Struik met wit of liggeel blommetjies en aangename geur. | Maleis |
| | Iemand op die rug dra | Koranna |
| | Akkedisagtige diertjie | Nama |
| | Droë spoelsloot | Nguni |
| swernoot | | Duits |
| | Kerriemaalvleisgereg | Maleis |
| | Op luidrugtige wyse speel, stoei, rondspring | Portugees |
| | Vleisrepies in kerrie en uie ingelê en aan spit geryg | Maleis |
| | Vleis met uie en rissies gesmoor en met groente gestowe | Portugees |
| gogga | | Khoi |
| | Ongebreekte en ongestampte koring of mielies in water gekook. | Nguni |